

MAART 2008

BASIESE OMGEWINGSEVALUERINGSPROSES

NUWE ROUWATERRESERVOIR & GEPAARDGAANDE WATERPYPLYNE VIR MEDUPI KRAGSTASIE

LIMPOPOPROVINSIE

'N ESKOM-INISIATIEF

AGTERGRONDINLIGTINGSDOKUMENT (AID)

Ten einde die bedrywighede by die Medupi Kragstasiekompleks (naby Lephalale in die Limpopoprovinsie) te optimaliseer, stel Eskom Holdings Beperk die verskuiwing van die beplande nuwe waterreservoir van die Medupi Kragstasiekompleks na die aangrensende plaas Kuipersbult voor. Die waterreservoir sal oor 'n voorgestelde kapasiteit van 400 000 m³ beskik. Daar word verlang dat pylyne vanaf die waterbron tot by die nuwe reservoir, asook vanaf die nuwe reservoir na Medupi Kragstasie, aangelê word. Die aard en omvang van die projek word in fynere besonderhede in hierdie agtergrondinligtingsdokument ondersoek.



Doel van hierdie agtergrondinligtingsdokument

Hierdie dokument stel dit ten doel om u as belangstellende en/of geaffekteerde party (B&GP) te voorsien van:

- » 'n oorsig van die komponente wat deel vorm van die nuwe waterreservoir en gepaardgaande pyplyninfrastruktuur wat deur Eskom voorgestel word.
- » 'n oorsig van die Basiese Omgewings-evalueringsproses en –studies wat onderneem word om die omgewingsimpakte wat met die projek gepaard gaan, te evalueer.
- » besonderhede van hoe u by die Basiese Evalueeringsproses betrokke kan raak, inligting kan ontvang of knelpunte kan opper wat u raak en/of interesseer.

Oorsig van die voorgestelde projek

Sedert die oprigting van die Medupi Kragstasie 'n aanvang geneem het, het Eskom die ligging van die beplande nuwe waterreservoir heroorweeg. Daar was voorgestel dat die reservoir oos van die kragstasieterras geleë moet wees. Die spasie in hierdie gebied is egter beperk en ten einde bedrywighede binne die kragstasiekompleks te optimaliseer, word die verskuiving van die beplande nuwe waterreservoir van die Mepudi Kragstasiekompleks na die aangrensende plaas Kuipersbult voorgestel.

Daar word voorgestel dat die rouwaterreservoir sowat 1 600 m suidwes van die Mepudi Kragstasie geleë moet wees, teen 'n elewasie van 915 m bo gemiddelde seevlak. Die reservoir moet rouwater aan die Medupi Kragstasie lewer en dit sal 'n totale houervermoë van 400 000 m³ hê, wat bergingsvermoë vir 'n tydperk van 19 dae sal bied.

Rouwater sal aan die nuwe rouwaterreservoir gelewer word uit die bestaande pyplyn van Wolfenfontein Reservoir af wat uit die Mokolodam gevoed word. Hierdie pyplyn voorsien tans die Matimba Kragstasie, die Grootegeluk Myn en die plaaslike munisipaliteit. Voorsiening vir die toekomstige verskaffing van rouwater uit Krokodil-wes sal ook beskikbaar gemaak word. Daarom word voorgestel dat twee pyplyne parallel aan die nuwe rouwaterreservoir in 'n permanente –12 m serwituut aangelê word.

Die pyplyne sal ondergronds wees en sal onder alle spoorweglyne en/of padkruisings deurloop. 'n Drukverlagingstasie sal by die beginpunt van hierdie pyplyn benodig word om die waterdruk te verlaag na die nodige werkdruk en sal in 'n gebou gehuisves word. Elke inlaatpyplyn na die reservoir sal 'n inlym vloeiometer en –kleppe hê wat in een gebou gehuisves sal wees.

'n Uitlaatpyplyn vanaf die nuwe waterreservoir tot by die Medupi Kragstasie word voorgestel om die belyning van die pyplyne wat die reservoir voed, nou te volg. Waar dit nodig is om drie pyplyne in parallel aan te lê, word 'n permanente –15 m wye serwituut verlang.

Alle pyplyne moet ondergronds aangelê word. Tydens konstruksie sal tydelike versteuring van die oppervlak beperk wees tot 'n 45 m wye gebied vir die lengte van die pyplyn. Daar word voorgestel dat die pyplyne teen 'n helling van nie minder as 5° loop nie, ten einde toe te laat vir vrye dreinerings en daarom word pompstasies nie benodig nie.

Aansoek vir magtiging word vir die volgende gedoen:

- » Die oprigting van 'n waterreservoir met 'n kapasiteit van 400 000 m³ op die plaas Kuipersbult (wat 'n oppervlak van –6,9 ha sal beslaan).
- » Die oprigting en bedryf van 'n ondergrondse pyplyn vanaf die waterbron tot by die nuwe reservoir (<10 km lank), wat 'n drukverlagingstasie en vloeiometerhuis insluit.
- » Die oprigting en bedryf van 'n ondergrondse pyplyn vanaf die nuwe reservoir tot by die Medupi Kragstasie (<5 km lank).

Praktiese alternatiewe moet eweneens oorweeg en in die Basiese Evalueeringsproses geëvalueer word. Drie alternatiewe opsies vir die roetebelyning van die pyplyn tussen die waterbron en die voorgestelde nuwe reservoir is voorgestel en word op die ingeslote kaart weergegee.

Basiese Omgewings-evalueringsproses

Ingevolge artikel 24 en artikel 24D van die Nasionale Wet op Omgewingsbestuur (No 107 van 1998), saamgelees met Staatskenningsgewings R385 (Regulasies 22–26) en R386, verlang sekere 'gelyste aktiwiteite' dat 'n Basiese Evalueeringsproses onderneem word vir die oprigting van aanlegte of infrastruktuur, insluitend gepaardgaande strukture of infrastruktuur vir:

- Item 1(n): die buitestroom berging van water, insluitend damme en reservoirs, met 'n kapasiteit van 50 000 m³ of meer
- Item 1(k): die grootmaat vervoer van water in pyplyne met (i) 'n interne deursnee van 0,36 meter of

meer; of (ii) 'n piek deurvloei van 120 liter per sekonde of meer
Item 1(p): die tydelike berging van gevaarhoudende afval.

Eskom verlang magtiging van die Nasionale Departement Omgewingsake en Toerisme (DEAT) (in raadpleging met die Limpopo DEDET) vir die onderneming van die voorgestelde projek. Hierdie projek is by die Nasionale DEAT geregistreer onder verwysingsnommer 12/12/20/1139.

Eskom het Savannah Environmental as onafhanklike omgewingskonsultante aangestel om 'n Omgewingsevaluering in die vorm van 'n Basiese Evaluering te doen ten einde alle potensiële impakte wat met die voorgestelde projek gepaardgaan, te identifiseer en te assesseer. As deel van hierdie omgewingstudies sal B&GP's aktief betrek word deur die openbare deelnameproses wat deur MasterQ Research onderneem word.

Openbare Deelnameproses

Die deel van inligting vorm die grondslag van die openbare deelnameproses en bied u die geleentheid om insette en kommentaar oor die projek te lewer. Kommentaar en insette van B&GP's word aangemoedig ten einde te verseker dat potensiële impakte binne die omvang van die studie oorweeg word.

Alle kommentaar sal in 'n Kommentaar en Antwoordverslag vervat word wat in die Basiese Evalueringsverslag (wat deur Savannah Environmental opgestel sal word) ingesluit sal word. Belangstellende en geaffekteerde partye sal die geleentheid gegun word om die verslag onder oë te kry voor indiening by DEAT (wat die aansoek sal oorweeg).

U verantwoordelikheid as 'n B&GP

Ingevolge die OIE-regulasies word u aandag gevestig op u verantwoordelikhede as 'n B&GP:

- » Ten einde deel te neem aan hierdie OIE-proses, moet u self op die projek se databasis registreer.
- » U moet verseker dat enige kommentaar rakende die voorgestelde projek binne die bepaalde tydsraamwerke ingedien word.
- » Daar word van u verlang om enige regstreekse sake-, finansiële, persoonlike of ander belange wat u in die goedkeuring of afkeuring van die aansoek van die voorgestelde projek mag hê, bekend te maak.

Hoe om betrokke te raak

1. Deur te reageer (per telefoon, faks of e-pos) op ons uitnodiging vir u betrokkenheid wat in die MogulPos geadverteer is.
2. Deur die aangehegte Antwoordvorm aan die tersaaklike kontakpersoon terug te besorg.
3. Deur die projekvergaderings wat gehou gaan word, by te woon. Datums vir openbare vergadering/s sal in die plaaslike koerant geadverteer word.
4. Deur met die konsultante in verbinding te tree met navrae of kommentaar.
5. Deur die konsep Basiese Evalueringsverslag binne die bepaalde 30 dae oorsigtydperk te besigtig en daarop kommentaar te lewer.

Indien u self as 'n B&GP vir hierdie voorgestelde projek ag, moedig ons u aan om gebruik te maak van die geleenthede wat deur die openbare deelnameproses gebied word om kommentaar te lewer of om daardie vraagstukke en knelpunte wat u raak en/of waarin u belangstel en waaroor u meer inligting verlang, te opper. U insette in hierdie proses vorm 'n belangrike element van die Basiese Evalueringsproses.

Deur die meegaande Antwoordvorm te voltooi en in te dien, registreer u self outomaties as 'n B&GP vir hierdie projek en word u verseker dat daar kennis geneem sal word van u kommentaar, knelpunte of navrae wat aangaande hierdie projek geopper word.

Kommentaar en navrae

Rig alle kommentaar, navrae of antwoorde aan:
Nonka Byker of Ingrid Snyman van MasterQ Research
Posbus 148, Sunninghill, 2157
Tel: 011 477 3265, Faks: 086 612 8122
Sel: 082 940 3694 – Nonka of 082 779 2750 – Ingrid
E-pos: nonka@masterq.co.za

Om projekdokumentasie te besigtig, besoek www.savannahsa.com